

Geld die reg van God regtig?

Skrif: Romeine 3:19-26

Om hierdie Skrifdeel beter te verstaan moet jy onthou dat die Skrif hier **in regstaal die evangelie beskryf**. Die “maar nou” van vers 21 vestig ons aandag daarop dat ons nou die uitspraak van God gaan hoor. In hierdie uitspraak gebruik God tipiese **regswoorde, maar ook geloofsworde**.

Tipiese regsworde:

“**geregtigheid**” – ’n wetlike term wat sê dat ewewig/harmonie tussen reg en onreg nou herstel word. Oortreders word gestraf, onskuldiges word vrygespreek. Ons het reeds gehoor dat alle mense oortreders is (v 10), almal het ontaard (v 12) en almal doen God ’n onreg aan deur Hom nie die eer te gee wat Hom toekom nie (v 23).

“**geregtigheid van God**” – dit is spesifiek die wyse waarop God die onreg wat Hom aangedoen is regstel.

“**verlossing**” – soos gebruik in vers 24 ken ons dit as “vrylating” (“liberation”) deur die betaling van ’n “losprys” (“ransom”). In Bybelse tyd veral gebruik ten opsigte van krygsgevangenes wat losgekoop is. Ons sien dit nog gebeur wanneer krygsgevangenes oor en weer “uitgeruil” word.

“**die verlossing wat in Christus Jesus is**” – soos in vers 24 gebruik bedoel dit dan die losprys wat Christus self betaal het (met sy eie lewe), sodat die wat in Hom glo vrygekoop word uit die gevangenis van Sonde om as vrygekooptes van God te leef.

Tipiese geloofsworde:

“**die wet en die profete...getuig**” – soos gebruik in vers 21 beteken dit gewoon die Ou Testament soos ons dit vandag het as deel van die Bybel.

“**deur die geloof**” – deur (op) God te vertrou

“**versoening**” – in vers 24 verwys dit na die herstel van vrede met ’n godheid (hier met die ware God) deur ’n bloedoffer.

“**genade**” – ’n geloofswoord wat ook in regstaal gebruik kan word en wat hier juis albei betekenis het. Uit die goedheid van sy hart skenk God (geloofstaal) aan die wat glo sy geregtigheid, sonder dat ons dit verdien (regstaal).

Met bogenoemde as agtergrond kom ons nou weer by die vraag: **Geld die reg van God regtig?**

Miskien wonder jy hoe 'n mens so 'n vraag kan vra.

Hy is mos God. Hy kan maak wat Hy wil. Sy reg geld. Ons het dit onlangs gehoor: Hy is soewerein!

Tog staan daar in vers 25,26:

“Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.”

***lees “aangebied” of “daar gestel”**

Wanneer geloofstaal en regstaal saam gebruik word vestig God ons aandag daarop dat dit vir Hom ook belangrik is en dat Hy selfs bereid is om Hom te laat beoordeel aan mense se sin vir reg. Geen mens kan die vinger na God wys en sê God het hom onregverdig behandel nie, want:

- Al die sondes wat voor die koms van Christus ongestraf gebly het, is nou reggestel deur Hom aan te wys as die een wat die straf daarvoor moes vat. Hy is die enigste onskuldige, sonder sonde en Hy het nie daarvoor gekla nie.
- Die verdraagsaamheid van God teenoor die ganse mensdom word so duidelik bewys, omdat Hy vir 'n lang tyd Sonde (en dus ook Sondaars) nie gestraf het soos hulle verdien om gestraf te word nie.
- Nou maak God sy reg aan alle mense bekend: Hy verlos (eis die vrylating) van almal wat in Jesus glo en verklaar hulle as regverdig (versoen met Hom), sonder enige verdienste aan hulle kant.
- Hy doen dit uit genade, nie as 'n noodgreep omdat Hy nie anders kan nie, maar omdat dit Skrif van die begin af van sy volmaakte reddingsplan getuig.